**Titel:** 'n Toegewyde lewe
**Spreker:** Alistair Kingwill
**Datum:** 29 Maart 2015
**Tyd:** 09:00

**Consecrate (KJV definition):**
To make or declare to be sacred, by certain ceremonies or rites; to appropriate to sacred uses; to set apart, dedicate, or devote, to the service and worship of God.

**'n Toegewyde lewe**
**romeine 12:1-2 (NV)**
[1] En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: **Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is**. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen.

**romeine 12:1-2 (NV)**
[2] **Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.**

1. **'n Lewe van aanbidding**
   **1 korinthiërs 10:31 (NV)**
   [31] Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God.

   **johannes 15:8**
   [8] Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal my dissipels wees.

2. **'n Lewe van heiligheid**
   **galasiërs 5:16-23**
   [16] Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie; [17] want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie. [18] Maar as julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie onder die wet nie. [19] En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; [20] afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; [21] afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie. [22] Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. [23] Teen sulke dinge is die wet nie.

3. **'n Lewe van transformasie**
   **2 korinthiërs 3:17-18**
   [17] Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid. [18] En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is.

4. **'n Lewe van God se wil doen**
   **mattheus 6:33**
   [33] Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

## mattheus 16:24-25

24 Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en
sy kruis opneem en My volg. 25 Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen
wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind.